

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Junie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 17:1, 4 (p. 66)

- 1 O HEER, verleen my tog gehoor; / my saak – U weet dit – is regverdig.
En wil my smeking nou verwerdig / dat dit kan opklim in u oor.
Alleen deur waarheidsdrang bewoë / beef van my lippe die gebed:
ag, as U maar my saak wou red, / U wat geen onreg wil gedoë.
- 4 Net soos die appel van die oog, / bewaar my so, Getroue en Sterke!
Oordek my met u ewe vlerke, / met u bewaring van omhoog;
sodat die skaar wat my omring het, / vergeefs na my sal seek, o God,
vergeefs sal jubel oor my lot / as hul al amper my bespring het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Gebed

Psalm 146:3, 6 (p. 700)

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.
- 6 Dis die HEER se mededoë / wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë, / word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin die wat opreg / wandel in sy woord en weg.

Skriflesing: Johannes 9:1-12; Matteus 5:17-20
Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 2

Kernvers: Johannes 9:3; Matteus 5:20

Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word.

(Johannes 9:3 AFR53)

Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorfloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

(Matteus 5:20 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 2

Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid; en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die bedorwe natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van godvresendheid en

vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang, totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.

'n Verduideliking by artikel 2

Ons het artikel 1 afgesluit met die belydenis dat God die gelowiges in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan verlos het nie. Dit is uit hierdie bedorwe natuur en bestaan van die gelowiges wat hulle daaglikse sondes van swakheid ontstaan. Die bedorwe natuur en bestaan van die gelowiges het so 'n geweldige invloed op hulle dat selfs die allerbeste werke van die heiliges nog gebrekkig is.

Jesaja het onder leiding van die Heilige Gees geskryf:

En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedel-de kleeed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregthede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6 AFR53)

Op grond van hierdie woorde bely ons dat selfs die allerbeste werk wat gelowiges doen nog nie goed genoeg is om by te dra tot hulle verlossing nie. Soos wat Jesaja sê is die gelowige se geregtighede – daardie beste goeie werke – nog soos liederlike vuil klere. Jy wil nie daarin gesien word nie. Die enigste geregtigheid wat regtig voor die strafgerig van God kan bestaan, moet heeltemal volmaak wees en in alle opsigte met die Wet van God ooreenstem (Heidelbergse Kategismus 24:62).

Na aanleiding van ons belydenis in die eerste artikel kan mense 'n verkeerde afleiding maak. Ons bely in artikel 1 dat God die gelowiges van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos het, maar Hy het hulle nog nie in hierdie lewe heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan verlos nie. Die verkeerde afleiding wat gemaak kan word, is dit: God het die mens nou van die grootste moeilikheid verlos en nou moet die mens homself van die oorblywende moeilikheid verlos. Wie so 'n afleiding maak vanuit artikel 1 is besig om die Vader en die Seun van hulle eer te beroof. Verlossing is genadewerk wat ons Drie-enige God alleen doen. Die Here begin nooit sy werk om dit later te laat staan sodat die mens self daarmee moet aangaan en klaarmaak nie.

Ons moet mooi luister hoe ons die laaste sin van artikel 1 bely: ***Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie.*** Hy verlos hulle *nie heeltemal* in hierdie lewe nie. Dit wil sê, daar moet nog van sy werk volg. Gedurende hierdie lewe verlos Hy hulle al meer van hulle bedorwe natuur en bestaan tot op hulle laaste dag in hierdie lewe.

Wanneer die Heilige Gees tot in die binneste dele van die mens indring, sy verstand verlig, sy hart besny en nuwe eienskappe in sy wil uitstort, maak die Heilige Gees die mens gewillig en bereid om in pas met Hom in die voetspore van Jesus Christus te volg. Die Here gaan dus voort om met en in die mens te werk na sy weergeboorte. Die mens leer sy verantwoordelikheid en begin dit ook te doen.

Wat ons dus verder in artikel 2 bely, is die wyse waarop God deur die Heilige Gees voortgaan om die gelowiges van hulle bedorwe natuur en bestaan te verlos totdat hulle uiteindelik volmaak heilig gemaak is deur die Heilige Gees. In die woorde waarmee ons hierdie werk van God bely, hoor ons ook hoe die gelowiges hulle verantwoordelikheid in pas met die Heilige Gees nakom – hulle verootmoedig hulle voor God, hulle neem hulle toevlug tot die gekruisigde Christus, hulle maak hulle bedorwe natuur dood en hulle verlang vurig na die bereiking van die volmaaktheid.

Tema: Die Here se doel met die gelowige se bedorwe natuur en bestaan

Geliefde gemeente van Jesus Christus, een van die vrae wat nogal by 'n mens vassteek wanneer 'n mens die eerste artikel deurlees, is: Waarom verlos die Here die gelowiges nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie? Dink net hoeveel aangenamer die lewe sou gewees het as 'n mens nie nog die innerlike stryd teen die sonde moes stry nie.

Lees 'n mens weer 'n keer deur artikel 1 op soek na die antwoord op hierdie waarom-vraag, word 'n mens teleurgestel. Daar word nie 'n antwoord op hierdie vraag gegee nie. Baie opgewonde gaan 'n mens dan na artikel 2. Miskien kry ons hier 'n antwoord op die waarom-vraag. Maar helaas, ons kry ook nie die antwoord op die waarom-vraag nie. In artikel 2 kry ons eerder die antwoord op die vraag: Waartoe verlos die Here die gelowige in hierdie lewe nie heeltemal van sy bedorwe natuur nie?

Dit is nogal belangrik om die verskil tussen die twee vrae – *waarom* en *waartoe* – raak te sien. 'n Waarom-vraag is 'n vraag na die oorsaak en die rede hoekom iets gebeur. Maar 'n waartoe-vraag vra na die gevolge en die nut oor hoekom iets gebeur. Dit is nogal 'n vraag wat ons dikwels in die Heidelbergse Kategismus teëkom, byvoorbeeld: **Watter nut verkry ons uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**, en: **Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?**

Daar is verskeie sake in die Skrif waaroor ons nuuskierigheid ons dring om te vra: Waarom? Maar dikwels loop ons onself vas, want die Here gee nie op elkeen van ons waarom-vrae 'n antwoord nie. Maar in dieselfde Skrifgedeelte gee die Here vir ons dikwels die antwoord op sy bedoeling met 'n saak. Van nature wil ons mense nie graag daardie antwoord hoor nie, want in daardie antwoord word ons oë oopgemaak vir ons verantwoordelikheid in ons verhouding met die Here.

Kyk maar net na die dissipels se vraag in Johannes 9 aan Jesus. Hulle wil ook weet wat die oorsaak vir die man se blindheid is. En eie aan die Joodse manier van redeneer veronderstel hulle dat hy self of sy ouers 'n sonde gedoen het, daarom is hy blind. Dit is immers hoe Job se drie vriende ook geredeneer het. Job het alles verloor wat hy gehad het, selfs sy gesondheid, omdat hy die een of ander sonde gedoen het, het die vriende gesê.

Dit is waar dat alle siekte en watter swaarkry ook al in hierdie lewe teruggevoer kan word na die sonde van ons eerste ouers, Adam en Eva. Van die sondeval af is alles in hierdie lewe aan die vloek van die sonde onderwerp. En dit is ook so dat kinders baie swaarkry op verskeie terreine van die lewe wanneer hulle ma's dwelms gebruik het toe hulle met die kinders swanger was. Maar nie elke swaarkry en siekte in hierdie lewe het noodwendig 'n direkte sondige oorsaak nie.

Let op na Jesus se antwoord:

Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word. (Johannes 9:3 AFR53)

Die eintlike vraag wat gevra moes word, is: Vir watter doel is hierdie man blind van sy geboorte af? Party mense sal moontlik ongemaklik wees wanneer hulle hoor dat hierdie man vir sy lewe lank blind was sodat God se werk nou eers in hom geopenbaar kan word. 'n Mens moet egter oppas om nie te veel van die mens te dink en te min van God nie. Geen mens behoort eintlik te vra: Verdien ek nou regtig om so swaar te kry? Indien ons mooi daarvoor nadink, sal ons tot die gevolgtrekking kom dat swaarkry al is wat ons eintlik

verdien.

Maar as ons in die lig van God se grootheid kan begin raaksien dat ons swaarkry deur Hom gebruik word om sy eer en heerlijkheid ten toon te stel, dan kry ons swaarkry betekenis.

Met die genesing van hierdie blinde man wys die Heilige Gees vir ons wie Jesus Christus regtig is. Hy is nie maar net 'n rabbi, soos wat die dissipels Hom genoem het nie. In die Ou-Testamentiese profesieë aangaande die komende Messias word daar geprofeteer dat die Messias blindes weer sal laat sien (Ps 146:8; Jes 29:18; 35:5). Met hierdie genesing van die blinde man wys die Heilige Gees vir die dissipels: Hier is die Messias wat God aan julle belowe het. Sy Naam is Jesus Christus. Dit is Hy wat verlossing vir die volk van die Here bewerk. Dit is Hy wat nie net mense se liggaamlike oë weer laat sien nie. Hy maak ook mense se geestelike oë oop sodat hulle God se heerlijkheid kan raaksien.

Om blindes se oë te genees is 'n wonder wat God alleen doen. Die dissipels kon baie ander wonders doen. Paulus het selfs 'n jongman wat hom doodgeval het, opgewek en hy het ge-lewe (Hand 20:9-10). Maar nie een van die apostels het 'n blinde genees nie.

Geliefdes, dit is die heerlike van God se verlossingswerk deur sy Seun Christus. Hy kry die eer en die mens kry die seën. Hy kry die eer, want net God kan verlos. En die mens kry die seën, want die verlose mens kry die ewige lewe en sal nooit oor sy skuld voor God se regterstoel verskyn nie. Christus het reeds in die gelowige se plek voor God se regterstoel gestaan en die regverdige oordeel oor die mens se skuld gedra.

Laat ons nou terugkeer na die antwoord op die waartoe-vraag waarheen artikel 2 ons lei. Wat is die Here se doel met die bedorwe natuur en bestaan van die gelowige waarvan Hy hom in hierdie lewe nie heeltemal verlos nie? In dié artikel word daar op 'n drietal dinge gewys. Die Here het 'n drieledige doel met die bedorwe natuur wat nog in die gelowige teenwoordig is.

Ten eerste moet die gelowige hom voortdurend voor God verootmoedig. Aangesien die gelowige daaglik sondes van swakheid begaan, moet hy homself daarvoor voor God verootmoedig. 'n Ander woord vir *verootmoedig* is *verneder* of *klein word* voor die Here. Hoogmoed is so eie aan die aard van die sondige natuur. 'n Mens kry iets reg en onmiddellik begin 'n mens dink dat jy nou beter is as iemand anders. In artikel 15 van die vorige hoofstuk in ons Dordtse Leerreëls het ons juis bely dat gelowiges hulleself hoegenaamd nie in trotsheid mag verhef teenoor mense wat nog ongelowig is nie. Die gelowiges is nie beter as ongelowiges omdat hulle in Jesus Christus glo nie. Geloof is immers die geskenk wat die Heilige Gees gegee het. Die gelowige het nie self geloof gehad nie en sou dit nooit gehad het as die Heilige Gees dit nie uit genade geskenk het nie.

Die Here gebruik dus die sondes van ons swakheid om ons klein en nederig voor Hom te hou. Elkeen van ons weet hoe maklik ons nog sondes van swakheid pleeg. Vir 'n oomblik is 'n mens net nie waaksaam nie en daar gebeur iets wat maak dat jy in die spore van jou sondige natuur optree. Petrus het so 'n sonde van swakheid begaan toe hy Jesus verloën het. Uit vrees vir sy eie lewe het hy vinnig drie maal na mekaar gesê dat hy niks met Jesus te doen het nie. Dit is wel 'n sonde uit swakheid, maar dit maak dit nie minder erg nie. Dit is steeds 'n sonde teen die Here. Eintlik was die verloëning van Jesus deur Petrus nog erger as Pilatus of die priesters se verloëning van Jesus. Pilatus en die priesters was nie gelowiges nie, maar Petrus het geweet dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God.

En was Petrus nie nogal die dissipel wat vir Jesus gesê het dat hy Jesus nooit in die steek sal laat nie? Ja, dit was juis hy. Sy standvastigheid in die geloof by tye het die hoogmoed in hom laat groei. Die Here het sy sonde van swakheid gebruik om hom weer nederig te maak. Hoogmoed en genade meng nie. Dit is soos olie en water. Daarom gebruik die Here die sondes van swakheid om die gelowiges se stywe nekke te laat buig.

Maar vernedering en kwelling van die gelowige se gemoed is nie die eindpunt van die Here se werk met die verlose mens nie. Daarom bely ons in die tweede plek dat die gelowige wat homself oor sy sonde voor die Here verneder sy toevlug tot Christus neem. Om jou toevlug tot Christus te neem is nie om sommer maar net in jou vernedering vinnig aan Jesus te dink en te aanvaar dat alles tussen jou en die Here nou weer reg is nie.

In ons belydenis word nie onnodige woorde gebruik nie. Daarom kan ons seker wees dat elke woord met 'n rede daar geskryf staan. In sy vernedering neem die gelowige sy toevlug tot die gekruisigde Christus. Jesus Christus is die een wat die versoening tussen God en die gelowige bewerk het. Daarom kan die gelowige in sy vernedering slegs op grond van Christus se lyding en sterwe aan die kruis weer met God versoen word oor die sonde wat hy nou gedoen het. Sondes van swakheid is nie maar ligtelike foutjies waarvoor die skuld maar oorgesien kan word nie. Daarom lei die Heilige Gees die gelowige langs die weg van vernedering terug na die gekruisigde Christus. Dit is immers net op grond van sy offer dat die vergifnis gevra kan word.

Ons moet onthou, geliefdes, dat die sondes van swakheid nie goedkoop sondes is nie. Dit is misdade wat gedoen is teen die Here wat nog net goed gedoen het aan die gelowige. Hy het hom van die heerskappy van die sonde en die duiwel verlos. Wanneer die sondaar langs die weg van vernedering sy toevlug tot Christus neem, doen hy dit met 'n hart wat pyn ken. Hy doen dit met 'n verslae hart, want hy het opnuut agtergekom dat hy nie op eie geloofsbene kan staan nie. Selfs sy eie geregtigheid baat hom niks nie.

Christus leer ons immers dat as ons geregtigheid nie meer is as die van die Fariseërs en die skrifgeleerdes nie kan ons nie in die koninkryk van God ingaan nie. Omdat ons nog so maklik sondes van swakheid begaan, weet ons dat ons nooit eers in hierdie lewe volmaakte geregtigheid sal bereik nie. Maar dit is ook nie op grond van ons geregtigheid wat ons toegang tot die koninkryk van God kry nie. Dit is alleen Christus se geregtigheid en heiligheid wat goed genoeg is vir die Vader. Wanneer die gelowige dan sy toevlug tot Christus neem, smek hy die Vader om hom nog meer met die geregtigheid en heiligheid van Christus te beklee.

Wanneer die gelowige dan sy toevlug tot die gekruisigde Christus geneem het, is dit nie om maar weer om te draai en sy eie koers te gaan nie. Soos 'n goeie herder sy skape by hom wil hê, so wil ons goeie God hê dat sy verlose mense by Hom sal bly. Daarom is die derde deel van God se doel met die oorblywende sondige natuur in die gelowige dat hy deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van geloofshandeling die bedorwe natuur in hom hoe langer hoe meer sal doodmaak.

Die enigste manier waarop die Here ons toerus om oorwinning oor ons sondige natuur te verkry is deur gebed. Ons bid aanhoudend dat die Heilige Gees ons sal versterk sodat ons nie uit swakheid weer toegee aan die bedorwe natuur nie. Verder oefen ons met die Woord van die Here. Ons lees en bestudeer die Woord sodat ons die walglikheid van die sonde nog beter kan raaksien om daarvan weg te vlug en die bedorwe natuur in ons dood te maak. 'n Manier om die bedorwe natuur in ons dood te maak is om hom van honger te

laat sterf. Daarom vlug ons van die sonde en van die plekke en dinge af wat ons weet ons kan verlei om weer sondes van swakheid te doen. En intussen bly ons verlang na die daardie dag wanneer ons ook die volmaaktheid kan bereik en losgemaak van hierdie bedorwe natuur met die Lam van God in die hemel regeer.

Broers, susters en kinders, ons besef vanaand opnuut hoe wys en genadig ons Here God is. Hy doen nooit iets half en Hy doen ook nooit iets onnodig nie. Alles wat Hy doen, doen Hy om Homself te verheerlik en terselfdertyd laat Hy gelowiges deel in sy seëninge. Hy maak sy verlossingswerk self klaar wanneer die Heilige Gees gelowiges al hoe meer lei om in pas met Hom hulle verantwoordelikheid na te kom. En die seën wat die gelowiges ontvang? Hulle word van hulle bedorwe natuur hoe langer hoe meer deur die Here verlos.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:1, 4 (28:1, 4)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.

- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van / die Bose as hy sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Junie 2016